GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder hy Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerner-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. D. C. DE WET NEL.

181/362 (2).

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twentieth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. D. C. DE WET NEL.

181/362 (2).

---

No. 51, 1960.]

## STADSGEBIED WILLARD BEACH.—AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat geen Naturel, hetsy 'n mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 10 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Willard Beach mag wees nie tensy so 'n Naturel in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur so 'n werkgewer gemagtig is om so 'n permit aan so 'n Naturel uit te reik of deur iemand wat deur genoemde stedelike plaaslike bestuur of deur die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik of deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

380/313 (B).

No. 51, 1960.]

## URBAN AREA OF WILLARD BEACH.—CURFEW.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that with effect from the date of promulgation hereof, no Native, male or female, not being exempted under subsection (4) of the said section, shall between the hours of 10 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the urban local authority of Willard Beach, unless such Native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such Native or by some person authorised by the said urban local authority or the Minister to issue such permits or by any member of the South African Police.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twentieth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

380/313 (B).

---

No. 52, 1960.]

## WYSIGING VAN TEKENINGS OP UNIE-MUNTSTUKKE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses* van die Munt Wet, 1922 (Wet No. 31 van 1922), gelees met artikel *een* van die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959), verklaar ek hierby—

(*a*) dat die tekenings op die voorkant en op die keersy van die onderskeie Unie-muntstukke wat in die Bylae hierby vermeld word en wat uitgereik word met ingang van die datum waarop artikels *een* en *twee* van die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959), ingevolge artikel *tien* van daardie Wet in werking tree, onderskeidelik moet wees soos in genoemde Bylae aangetoon; en

(*b*) dat die afmetings van bedoelde muntstukke dieselfde is as die afmetings van die ooreenstemmende muntstukke [volgens die tabel by paragraaf (*a*) van subartikel (2) van artikel *een* van die Wet op Desimale Munt, 1959 (Wet No. 61 van 1959)], in die Bylae by die Munt Wet, 1922 (Wet No. 31 van 1922), vermeld, wat op bedoelde datum in omloop is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd-en-sestig.

C. R. SWART,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.

No. 52, 1960.]

## ALTERATION OF DESIGNS ON UNION COINS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *six* of the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), read with section *one* of the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959), I hereby declare—

(*a*) that the designs on the obverse and on the reverse of the respective Union coins mentioned in the Schedule hereto issued as from the date on which sections *one* and *two* of the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959), come into operation in terms of section *ten* of that Act, shall be as severally indicated in the said Schedules; and

(*b*) that the dimensions of the said coins shall be identical with those of the corresponding coins [according to the table in paragraph (*a*) of subsection (2) of section *one* of the Decimal Coinage Act, 1959 (Act No. 61 of 1959)], mentioned in the Schedule to the Coinage Act, 1922 (Act No. 31 of 1922), that are in circulation on the said date.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Twentieth day of February, One thousand Nine hundred and Sixty.

C. R. SWART,
Governor-General

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.

VOORKANT.
(i) Halfsent.



KEERSY.
(i) Halfsent.



## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

No. 345.] [11 Maart 1960.

WYSIGING VAN GEVANGENISREGULASIES.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vier-en-negentig* van die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959), sy goedkeuring daaraan te heg dat die Gevangenisregulasies, uitgevaardig by Goewermentskennisgewing No. 1352, gedateer 28 Augustus 1959, vanaf datum hiervan as volg gewysig word:—

*Regulasie* 1.

(*a*) *Afrikaanse teks.*—Voeg tussen die woordbepalings „ buiteland " en „ herberg " die volgende by „ . . . . , die Wet ', die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959) ".

(*b*) *Engelse teks.*—Voeg tussen die woordbepalings „ subsistence allowance " en „ Treasury " die volgende by „ . . . . , the Act ' means the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959) ".

*Regulasie* 71 (1).

(*a*) *Afrikaanse teks.*—Skrap die woorde „ maak hom skuldig aan 'n oortreding indien hy " in die eerste en tweede reëls en vervang dit deur die woorde „ wat die een of ander bepaling van die Wet of van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen (behalwe 'n oortreding of versuim wat ingevolge die Wet of hierdie regulasies uitdruklik tot 'n misdryf verklaar is) of wat—".

(*b*) *Engelse teks.*

(i) Skrap die woord „ Offences " waar dit in die opskrif en afdeling „ A " voorkom en vervang dit deur die woord „ Contraventions ";

(ii) skrap die woorde „ shall be guilty of an offence if he " in die eerste en tweede reëls en vervang deur die woorde „ who contravenes or fails to comply with any provision of the Act or of these regulations (other than a contravention or non-compliance which is expressly declared to be an offence under the Act or these regulations) or who—".

*Regulation* 71 (1) (*ee*).

(*a*) *Afrikaanse teks.*

(i) Voeg na die woord „ in " in die tweede reël, die woorde „ die Wet of in " by;

(ii) verander die leesteken, naamlik 'n punt (.), aan die end van die subparagraaf in 'n komma (,); en

(iii) voeg die volgende woorde by „ is skuldig aan 'n oortreding van die Wet of van hierdie regulasies, na gelang van die geval ".

(*b*) *Engelse teks.*

(i) Voeg na die woord „ in " in die tweede reël die woorde „ the Act or in " by;

(ii) verander die leesteken, naamlik 'n punt (.), aan die end van die subparagraaf in 'n komma (,); en

(iii) voeg die volgende woorde by „ shall be guilty of a contravention of this Act or of these regulations, as the case may be ".

OBVERSE.
(i) Half-cent.



REVERSE.
(i) Half-cent.



## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF PRISONS

No. 345.] [11 March, 1960.

AMENDMENT OF PRISON REGULATIONS.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve by virtue of the powers in him vested by section *ninety-four* of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), that the Prison Regulations published under Government Notice No. 1352, dated 28th August, 1959, with effect from date hereof be amended as follows:—

*Regulation* 1.

(*a*) *Afrikaans text.*—Insert the following between the words " buiteland " and " herberg ": " . . . . , die Wet ', die Wet op Gevangenisse, 1959 (Wet No. 8 van 1959) ".

(*b*) *English text.*—Insert the following between the words " subsistence allowance " and " Treasury ": " . . . . ' the Act ' means the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959) ".

*Regulation* 71 (1).

(*a*) *Afrikaans text.*—Delete the words " maak hom skuldig aan 'n oortreding indien hy " in the first and second lines and substitute therefor the words " wat die een of ander bepaling van die Wet of van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen (behalwe 'n oortreding of versuim wat ingevolge die Wet of hierdie regulasies uitdruklik tot 'n misdryf verklaar is) of wat—".

(*b*) *English text.*

(i) Delete the word " offences " where it appears in the heading and Section " A " and substitute the word " Contraventions " therefor;

(ii) delete the words " shall be guilty of an offence if he " in the first and second lines and substitute therefor the words " who contravenes or fails to comply with any provision of the Act or of these regulations (other than a contravention or non-compliance which is expressly declared to be an offence under the Act or these regulations) or who—".

*Regulation* 71 (1) (*ee*).

(*a*) *Afrikaans text.*

(i) Insert after the word " in " in the second line, the words " die Wet of in ";

(ii) for the punctuation mark, namely a full stop (.), at the end of the sub-paragraph substitute a comma (,); and

(iii) add the following words " is skuldig aan 'n oortreding van die Wet of van hierdie regulasies, na gelang van die geval ".

(*b*) *English text.*

(i) Insert after the word " in " in the second line the words " the Act or in ";

(ii) for the punctuation mark, namely a full stop (.) at the end of the sub-paragraph substitute a comma (,); and

(iii) add the following words " shall be guilty of a contravention of this Act or of these regulations, as the case may be ".